
oranje is die lemoen en ook die groot, vet pampoen!






- Mardi van Aswegen –


© Juffrou911

rooi is die tamatie rond
en die aarbei so gesond.

- Mardi van Aswegen –

© Juffrou911






Suurlemoene is
geel, asook
die piesang wat
ek met my
maat deel.

- Mardi van Aswegen –

© Juffrou911



Wit is die wolkie hoog in die lug en die seemeeu op die ysbeer se rug.


- Mardi van Aswegen –

© Juffrou911



Die olifant is grys, net soos my oupa oud en wys.

- Mardi van Aswegen –
© Juffrou911






Bruin is die bewer wat ‘n stok vashou, asook die beer wat aan ‘n vissie kou.

- Mardi van Aswegen –

© Juffrou911








**Blou** is die see

en die lug wat vir ons
mooi sonsondergange
gee.



- Mardi van Aswegen –

© Juffrou911

Die blare aan die

boom is groen,


asook die sprinkaan


wat om die boom

toertjies doen.

- Mardi van Aswegen –

© Juffrou911







**Pers** is die beet
en die druiwe wat
ons eet.

- Mardi van Aswegen –


© Juffrou911







**Swart** is die nag en die vlermuis wat vir die goggas wag.

- Mardi van Aswegen –
© Juffrou911









**Pienk** is die

spookasem so sag
en die varkie wat vir sy
kos wag.

- Mardi van Aswegen –

© Juffrou911





